higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1200**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4

(3030504)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik die puntetoekenning as riglyne vir die lengte van jou antwoorde.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Invloedryke persoon ('clout') is iemand wat die reeks werklike syfers kan bespreek om te kan weet hoe sterk jou onderhandelingsmag is.

1.2 'n Nuwe kunstenaar is iemand wat nog nie vantevore 'n platekontrak gehad het nie of iemand wat 'n platekontrak geteken het, maar nog nooit meer as 100 000 albums per vrystelling verkoop het nie.

1.3 Indien 'n kunstenaar nie genoeg opnames verkoop nie, moet voorskotte terugbetaal word.

1.4 'n Opname sluit slegs-oudio-toestelle en oudiovisuele toestelle soos videokassette en DVD's in.

1.5 Meesteropnames word deesdae meestal op rekenaarhardeskywe gedoen. Bande het iets van die verlede geword.

1.6 Om te vermeng beteken om die regte vlak vir elke snit te verkry sodat die dromme die regte volume tydens elke spesifieke deel van die liedjie is, die stem effens op die koorgedeelte uitgelig word, ensovoorts.

1.7 Die woord 'meester' beteken ook die opneem van verskeie liedjies in een opname.

1.8 'n Kunstenaar se tantieme is 'n persentasie van die groothandelprys.

1.9 Die persoonlike bestuurder se tantieme word volgens die kunstenaar se bruto inkomste bereken.

1.10 Tantieme word betaal vir elke opname wat verkoop word.

1.11 Opnames wat op promosie weggegee word, soos radiostasiekopieë, is gratis goedere en dra geen tantieme nie.

1.12 In 'n ooreenkoms waarin alles ingesluit is, is die kunstenaar verantwoordelik om die vervaardiger se tantieme te betaal.

1.13 'n Voorskot is 'n voorafbetaling van tantieme.

1.14 'n Optrede deur 'n ander lid van die orkes ('sideman performance') is dieselfde as 'n gesamentlike opname.

1.15 In 'n ooreenkoms waarin alles ingesluit is, is die kunstenaar verantwoordelik om die vervaardiger se tantieme te betaal ongeag wie ook al met hom of haar 'n kontrak sluit.

(15 × 2) **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Vergoeding	A	die proses om openbare bewusmaking van ’n kunstenaar of produk te kweek
2.2	Uitgewers	B	die proses waardeur die kunstenaar geld verdien deur verkope sodat hy/sy ’n platemaatskappy se kontantvoorskot kan betaal
2.3	Promosie	C	die geld wat aan ’n kopiereghouer gegee word in ruil vir toestemming om sy/haar musiek te gebruik
2.4	Tantieme	D	die wetlik afdwingbare ooreenkoms tussen twee of meer persone of organisasies
2.5	Talentagent	E	die proses wat kunstenaars gebruik om regte op hulle oorspronklike materiaal te eis; dit help dat mense nie ander kunstenaars se liedjies, lirieke of musiek steel nie
2.6	Kontrak	F	’n basiese opname wat ’n kunstenaar se talent en musiekstyl/-rigting belig
2.7	Druklisensie	G	’n promosietaktiek wat die vervaardigers van toerusting gebruik waarin hulle toerusting teen afslagpryse aan hoë-profiel- en suksesvolle kunstenaars verskaf in ruil vir blootstelling deur die kunstenaar se gebruik van die produk
2.8	Persoonlike bestuurder	H	die persoon wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die kunstenaar se profiel en loopbaan
2.9	Uitvoerings-tantieme	I	die proses wat daarna streef om die kunstenaar se gewildheid, profiel en produkverkope te verhoog deur belangstelling in die kunstenaar se musiek aan te wakker
2.10	Meesteropname (‘Mastering’)	J	die finale proses om ’n vermengde opname vir kommersiële verspreiding voor te berei
2.11	Bemarking	K	word betaal wanneer die liedjie met kopiereg regstreeks in die openbaar uitgevoer word, soos deur radio-uitsendings, op televisie en in openbare plekke
2.12	Bestuurder	L	’n verteenwoordiger wat ’n musikant help met die ontwikkeling en bestuur van sy/haar kunstenaarskap en vermaaklikheidsloopbaan
2.13	Onderskrywing	M	’n lisensie wat magtiging aan ’n musiekuitgewer of liedjieskrywer verleen om ’n liedjie in gedrukte formaat weer te gee en te versprei
2.14	Voorbeeldopname (‘Demo’)	N	musiekuitgewers het meestal die kopieregte hanteer wat met die druk en verspreiding van bladmusiek gepaard gegaan het
2.15	Kopiereg	O	’n verteenwoordiger wat openbare optredes en ander kreatiewe geleenthede vir ’n musikant reël

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 3

3.1 Verduidelik wat ’n *platevervaardiger* is.

3.2 Verduidelik watter *voordeel* ’n platevervaardiger inhou.

3.3 Verduidelik wie die platevervaardiger huur.

3.4 Verduidelik wie die platevervaardiger betaal.

(4 × 10) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 4

Kies ’n term uit die volgende lys wat by elke beskrywing hier onder pas. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

groothandel-verspreidingsentiteite; een-stop-punte (‘one-stops’); persoonlike bestuurder; lisensiehouer; oorsese tantieme (‘foreign loyalties’); meesterlisensies; grootste-treffers-album; beheerde komposisie (‘control composition’), gewaarborgde- vrystellingsklousule; albums wat regstreeks opgeneem word; voorskotte; opneem (‘record’); hoofterreine (‘major territories’); gesamentlike opnames (‘joint recordings’); koppeling en samestellings (‘coupling and compilations’)

4.1 Hierdie persoon is die enkel belangrikste persoon in ’n kunstenaar se professionele loopbaan. Hy/Sy kan die kunstenaar se loopbaan tot sy volle potensiaal uitbou.

4.2 Dit sluit slegs-oudio-toestelle en oudiovisuele toestelle soos videokassette en DVD’s in.

4.3 Dit word feitlik altyd as ’n terugbetaling van tantieme gedefinieer.

4.4 Dit word tydens ’n konsert opgeneem.

4.5 Dit omskep jou basies in ’n ‘kennisgewingsfabriek’. Indien die maatskappy nie binne ’n sekere tydperk na aflewering jou album vrystel nie, het jy die reg verdien om ’n geskrewe kennisgewing aan hulle te stuur.

4.6 Dit is verhaalbaar van die platevervaardiger se tantieme ongeag hoe die platevervaardiger se tantieme bereken word.

4.7 Groothandelaars wat opnames verkoop, is verreweg die belangrikste manier om opnames te versprei.

Kopiereg voorbehou

4.8 Hulle koop by belangrike verspreiders en verkoop dit dan aan 'Mom and Pop'-platewinkels wat hoeveelhede koop wat te klein is vir groot verspreiders om hulle daarmee te bemoei.

4.9 Iemand wat 'n 'lisensie-ooreenkoms' met 'n platemaatskappy onderteken

4.10 Vermindering van tantieme vir verkope buite die landsgrense

4.11 Dit is 'n aantal markte wat besonder goed verkoop.

4.12 Dit word deur 'n platemaatskappy vir films, televisieprogramme en advertensies gelisensieer.

4.13 Die gebruik om 'n kunstenaar se uitvoering by ander kunstenaars s'n te voeg en dan 'n gesamentlike album van die verskillende kunstenaars vry te stel

4.14 Dit is 'n samestelling van liedjies deur 'n spesifieke kunstenaar of 'band'/orkes en heel dikwels bevat die snitlys voorheen vrygestelde opnames wat baie beroemd geword het.

4.15 Waar meer as een kunstenaar wat tantieme verdien dieselfde liedjie saam uitvoer, soos 'n duet

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 5

Definieer die volgende terme:

5.1 Besigheidsfilosofie

5.2 Persoonlike bestuurder (rol)

5.3 Agentskap (rol)

5.4 Opdragoorsig

5.5 Skemerklousule

(5 × 10) **[50]**

VRAAG 6

Bespreek die volgende:

6.1 Die rol wat prokureurs vervul

6.2 Konflik van belange

6.3 Die rol wat agente vervul

6.4 Die rol wat 'n sakebestuurder vervul

Kopiereg voorbehou

6.5 Groot platemaatskappye

6.6 Produkbestuur

6.7 Regs- en sakeaangeleenthede

6.8 Meester

6.9 Die berekening van tantieme

6.10 Voorskotte en vergoeding

(10 × 10) **[100]**

VRAAG 7

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (7.1–7.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

7.1 Die bestuurder word slegs betaal vir ... wat gedurende die termyn opgeneem en vrygestel word.

7.2 Nog ’n belangrike aspek van jou bestuursooreenkoms word die ...klousule genoem.

7.3 Indien jy vir belastingbeplanningsdoeleindes of andersins ’n korporasie stig om jou vermaaklikheidsaktiwiteite te behartig, wil jy seker wees dit sneller of … nie.

7.4 Nog ’n voorwaarde om in gedagte te hou, is een wat lui dat die bestuurder ’n … het, soos die reg om jou naam op kontrakte te teken of om jou ander

7.5 verteenwoordigers aan te stel of af te dank.

’n Prokureur met … kan na mense oordra wat ander prokureurs nie kan doen

7.6 nie.

7.7 ’n Prokureur het ’n … wanneer sy/haar kliënte in ’n situasie beland waarin hulle belange benadeel word.

7.8 ’n Belangrike begrip wat aan vergoeding gekoppel word, is dié van ...

7.9 Die meeste platemaatskappye sal instem tot iets wat ... vir voorskotte genoem word.

7.10 Vandag word die meeste plate-ooreenkomste as ’n ... gestruktureer.

... is verhaalbaar van die platevervaardiger se tantieme ongeag hoe die platevervaardiger se tantieme bereken word.

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou